



*The Office Of The Principal and Vice - Chancellor*

**PROF MS MAKHANYA, REKTOR EN VISIEKANSELIER  
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**VERWELKOMING EN OPENINGSREDE: OPENING VAN DIE  
NAVORSINGS- EN INNOVASIEWEEK**

**26 Februarie – 2 Maart 2018: *Navorsing ter bevordering van die  
volhoubaarheid van ons toekoms***

- Programdirekteur, dr Meiya Nthoesane, waarnemende direkteur, Unisa Press
- Dr Daisy Selematsela, waarnemende viserektor: Navorsing, Nagraadse Studies, Innovasie en Kommersialisering, Unisa
- Ons hooggeplaaste paneellede, gassprekers en aanbieders:
  - Dr David Green, direkteur: Program vir Digitale Hulpbronne, Taylor & Francis: “Advancing South African research and scholarship in the global research environment” [“Die

bevordering van Suid-Afrikaanse navorsing en akademiese studie in die wêreldwye navorsingsomgewing”]

- Prof Ihron Rensburg, voormalige visekanselier en rektor van die Universiteit van Johannesburg: “The future – an academic perspective” [“Die toekoms – ’n akademiese perspektief”]
- Me Tina Eboka, groep- besturende direkteur: NTP Radioisotopes SOC Bpk, ’n volfiliaal van Necsa (die Suid-Afrikaanse Kernenergiekorporasie): “The less charted path from research to innovation and sustainability” [“Die minder bekende pad vanaf navorsing tot innovasie en volhoubaarheid”]
- Me Chantell Ilbury, fasiliteerder, spesialis, spreker, dosent, outeur van topverkopers en voormalige entrepreneur: “Growing foxes: an education revolution!” [“Die ontwikkeling van jakkalse: ’n onderwysrevolusie!”]
- Me Dudu Nkosi, waarnemende uitvoerende direkteur:  
Biblioteekdienste
  - Raadslede hier teenwoordig
  - Lede van die uitvoerende en uitgebreide bestuur hier teenwoordig
  - Kollegas van susterinstellings
  - Akademiese en nie-akademiese personeel van Unisa
  - Unisa-studente
  - Ons institusionele belanghebbers

- Geagte gaste, dames en here

Ek heet u hartlik welkom by Unisa se jaarlikse Navorsings- en innovasieweek. Ons vier vanjaar ons 17de navorsings- en innovasieweek, en dit word al hoe interessanter om te sien hoe nougeset hierdie innoverende en baanbrekende jaarlikse gebeurtenis die gebeure in ons sektor en ons samelewing tot dusver weergegee en weerspieël het, veral wat betref die transformasie van ons sektor en die kritieke rol wat navorsing moet vervul om die rigting vir hierdie agenda aan te gee en dit voort te dryf.

Die afgelope sewe jaar het ons navorsingsportefeulje ywerig daarna gestreef om navorsing en ons navorsers 'n sentrum van uitnemendheid te maak wat 'n betekenisvolle en – nog belangriker – 'n *daadkragtige* bydrae sal lewer tot die navorsingsfokusse en -gedrag wat die volhoubaarheid van ons toekoms sal bevorder: die fokus en optrede van sowel Unisa ons land en vasteland, wat alles strook met die institusionele visie van 'n universiteit wat in diens van die mensdom *toekomsdrome verwesenlik*.

Ons tema vir hierdie navorsingsweek is “Navorsing ter bevordering van die volhoubaarheid van ons toekoms” (“*Research for sustaining our tomorrows*”) en dit berus op die stewige fondasie wat deur vorige temas

gelê is om beide die kontinuïteit van ons navorsingstransformasieprojek en die samehang van die gesprekke wat ons moet hê, te verseker.

Hierdie jaar lewer ons gassprekers stellig die sterkste bewyse nog van die diversiteit wat beide nasionaal en internasionaal op navorsingsgebied sigbaar is en wat, soos ek u kan verseker, in dieselfde mate op akademiese en opvoedkundige gebied weerspieël word. Ek is bewus daarvan dat dieselfde gesprekke oor die vasteland en die wêreld heen plaasvind aangesien die neksus van komplekse sosioëkonomiese en politieke uitdagings, grootskaalse sosiale ongelykheid, migrasiegolwe en die toenemende fragmentering van die meer tradisionele hoëopvoedingspasië navorsing vereis wat nie suiwer ontwikkelingsgerig en/of op wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde ingestel is nie. Daar is toenemende begrip vir die dringende behoefte aan navorsing op die terrein van sosiale wetenskap en die geesteswetenskappe wat sal help om hierdie groterwordende probleme die hoof te bied. Dit is uiters interessant – en vir my as sosioloog bemoedigend – om die toename in navorsing op hierdie terrein, wat wêreldwyd lank afgeskeep was, te sien. Ek is weliswaar verheug dat die akroniem STEM nou uitgebrei is na STEAM deur die insluiting van die letter “A”, wat die kunste (*the arts*) in sy breër konseptualisering verteenwoordig, want dit is ’n onmisbare area wat ons volle aandag verdien.

Ek wil derhalwe dr Selematsela en ons kollegas van die Portefeulje: Navorsing, Nagraadse Studies, Innovasie en Kommersialisering gelukwens dat hulle 'n omvattende program saamgestel het wat beloop om die diversiteit van ons navorsingsomgewing te omvat.

Geagte gaste, dames en here, die nuuskierigheid van die mens het tot die evolusie van die menslike beskawing bygedra en dit help vorm. Ons *weetgierigheid* het nog altyd ons vrees vir die bekende oorskry, en ons skeppende en innoverende gees het eweneens verseker dat baie van dit wat ons geleer het, in menslike vooruitgang en welvaart – in ons volhoubaarheid as die mensdom en as 'n planeet – omgeskakel is. Op 'n tydskop wat die term “Vierde Nywerheidsrevolusie” op almal se lippe is en alles wat daarmee gepaardgaan wêreldwyd veld wen, is ons hier aan die suidelikste punt van Afrika gewikkel in ons eie stryd vir transformasie, groei en ontwikkeling – ons eie stryd vir vooruitgang en welvaart – wat in sekere opsigte mag resoneer met die dinamiek van die Vierde Nywerheidsrevolusie en in sekere opsigte nie. Ons het geleer, en leer voortdurend, dat hoewel geen mens 'n eiland is nie, ons geroepe is om binne ons eie kontekste te werk, soms ter bevordering van navorsings- en innovasie-imperatiewe wat dalk in stryd met dié in die wêreldarena is. Ons moet die selfvertroue hê om dit te doen en ons ruimte op te eis.

Dit is veral belangrik in die lig van die huidige debatte oor kennishegemonieë en hulle deurlopende invloed op en oorheersing van ons hoëronderwysomgewing en -praktyke, veral ons navorsingspraktyke. Deur aan die debatte deel te neem, sal ons 'n bydrae lewer tot 'n proses van selfontdekking en selfbeskikking rakende kwessies wat aan die kern raak van wat dit beteken om 'n Afrikaan te wees.

Ten slotte, kollegas, dames en here, laat my toe om u die volgende stof tot nadenke te gee: In die huidige onbestendige en emosiebelaaide politieke omgewing is daar 'n wesentlike gevaar dat mense in 'n gewoonte kan verval om tot retoriek en slagspreukgebruik, wat dikwels deur oppervlakkige, onbedagte verwysings na verskeie vooraanstaande persone gekenmerk word, oor te gaan.

Ons besef wel terdeë dat daar 'n behoefte is aan ruimtes in ons instellings waar mense juis uitlatings en stellings van hierdie aard kan maak. Ek is oortuig dat Unisa inderdaad sulke ruimtes bied. Hierdie navorsings- en innovasieweek is maar een van daardie ruimtes! Ons moet egter daarteen waak om die werklik waardevolle navorsing wat hierdie universiteit en baie van ons susterinstellings *op die oomblik* hier en elders op die vasteland doen en oplewer en wat soms in die roesemoes verlore raak, uit die gesig te verloor.

As ons werklik bewus is van ons omgewing en waarlik daartoe verbind is om navorsing in die strewe na transformerende, gedekoloniseerde Afrika-universiteite te bevorder, dan moet ons met ewe veel ywer die artikels, publikasies en ander uitsette van ons eie akademiëci in Afrika op die voorgrond bring, ten toon stel en deel.

Aan die begin van hierdie opwindende week wil ek u derhalwe graag aanmoedig om te dink aan hoe Unisa, wat die grootste biblioteek in die suidelike halfrond het, kan begin om werke van ons navorsers rakende hierdie kardinale kwessies te versamel, te katalogiseer en ten toon te stel, en hoe ons akademiese personeel mekaar kan ondersteun deur sodanige werke in hulle herkurrikulering en in hulle eie navorsing, met inbegrip van referate by konferensies en seminare, te gebruik en daaruit aan te haal.

In my akademiese openingsrede hierdie jaar het ek benadruk dat die universiteit nie net oor transformasie moet *praat* nie, maar dit ook moet begin *toepas*. Navorsing en innovasie kan en moet die toonbeeld van daardie verbintenis wees. Ons behoort ons eie navorsing te bevorder en ons eie navorsers te ondersteun.

Universiteite was nog altyd as ivoortorings, ver verwyder van die

werklikhede van die gemeenskappe wat hulle dien, gebrandmerk. Dit is dus ons taak om onomwonde te wys dat dit in der waarheid nie die geval is nie. Navorsing en innovasie moet ontraaisel word om breër deelname moontlik te maak, en kennisinstellings moet besliste en konkrete stappe doen om die ontwikkelings- en beleidsagenda tot voordeel van die samelewing en die wêreld te beïnvloed.

Ek wens u suksesvolle, verrykende en inspirerende gesprekke toe tydens hierdie week waarin ons navorsing en innovasie by Unisa op die voorgrond stel.

Dankie aan u almal.